50 jaar van Santa-teling ... en die verhaal is nog nie klaar geskryf nie

Deur Andries Gouws

Die Santa Gertrudis Beestelersgenootskap van Suid-Afrika vier vanjaar sy vyftigste verjaardag. Die Locklore Santa Gertrudis-stoetery van Koos Lock van Schweizer-Reneke, is al 51 jaar in die vleisbeesbedryf.

Koos sê hy het vandag groot agting en waardering vir sy ouers se waagmoedige besluit om in 1973 van die eerste beeste van dié ras uit Texas na Suid-Afrika in te voer. Apie en Annie Lock het die diere ongesiens op aanbeveling van hul skoonseun, Obie du Plessis, gekoop. Hy het die beeste in Texas gesien en foto's saamgebring Suid-Afrika toe.

Hy en sy ouers was in die Kaapstadse hawe toe die skip met die bul en ses verse aangekom het, vertel Koos. Sy pa het met 'n flits tussen die kratte waarin die beeste was rondbeweeg en as hy 'n oorplaatjie sien wat een van hul beeste gedra het, het hy opgewonde gesê dat dit 'n voortreflike dier is.

'n Lang vaart

In 1974 is Annie saam met Hans Brits, destyds ook 'n bekende Santa-teler, en 35 Brahman-telers Texas toe en het sy 17 Santas vir hul stoetery gekoop. Die seevaart het betreklik rampspoedig verloop. Die skepe was oorlaai en die diere was swak versorg. Van hulle het nie die vaart of die verblyf in die kwarantynstasie oorleef nie.

In die vroeë sewentigerjare het Suid-Afrikaanse vleisbeesboere na Amerika gestroom om beeste in te voer. Die vernaamste dryfvere was die gunstige rand-dollar-wisselkoers en 'n algehele uitverkoping van top teelmateriaal in Texas. Dit het mooi in plek geval met die behoefte om vleisbeesrasse in Suid-Afrika te verbeter.

'n Vleisbees vir Suid-Afrika

Die Locks het goeie beeste ingevoer: Dit is oor die jare deur die prestasie van hul diere bewys. Annie het egter geglo die Texas-telers het die Suid-Afrikaners sien kom en van die telers het diere gekoop wat nie aan die verwagtinge voldoen het nie. Die Santa Gertrudis is uit die geharde Brahman en Korthoring geteel.

Suid-Afrikaanse Santa-telers het deur die jare egter baie streng geselekteer om aangepaste diere wat in Suid-Afrika kon presteer, te teel. Koos sê hulle het self van die ingevoerde diere wat nie die mas kon opkom nie laat slag. Hy glo egter van die beste Santa-beeste in die wêreld loop vandag in Suid-Afrika.

Die Santas was egter vir baie produsente 'n nuwe en onbekende beesras en die pasgestigte beestelersgenootskap het besef daar sou hard gewerk moes word om 'n vastrapplek in die mark te kry. Van die Santa-bulle is in kruisteelstelsels op Afrikaner-koeie gebruik en die welslae wat behaal is met dié nageslag, het die ras die nodige hupstoot gegee.

Vandag loop Koos se Locklore-stoetbeeste saam met sy seun, Abri, en hul neef, Jozeph du Plessis, se Red Rock- en JADUP-beeste. Die stoeterye, wat saam sowat 600 teelkoeie het, word ekstensief bedryf, saam bestuur en hulle gebruik mekaar se bulle oor en weer. Elkeen het egter sy eie identiteit.

Suksesse deur die jare

Hulle bou saam daaraan om die suksesse van die verlede te respekteer, maar ook voortdurend aan te pas by die behoeftes van die mark. Hul vernaamste bulkopers is kommersiële telers wat die voortreflike genetiese eienskappe van die Santa Gertrudis gebruik om volhoubaar winsgewend te kan boer.

Van die belangrikste prestasies wat hulle vandag nog aanspoor, is:

- In 1978 vertoon hulle die eerste Suid-Afrikaanse kampioen Santa-bul, Locklore Caesar.
- In 1980 word hulle bul, Big Red Gert, as die tweede Suid-Afrikaanse kampioenbul gekroon.
- In 1985 het 'n internasionale beoordelaar, Anthony Coates, van Australië die nasionale kampioenskap by die Randse-skou beoordeel. Hul Santa-bul, Bosque, en koei, Gertrude, is as Suid-Afrikaanse kampioene aangewys. Gertrude is 'n dogter van Gert en was ook die naaswenner van die goue beker.
- In 1989 wen Locklore Lucy die goue beker op die Randse-skou, sowel as Vryburg-skou. In 1990 is sy tydens die wêreldkongres as die Suid-Afrikaanse en wêreldkampioen gekroon en tussen plaaslike en buitelandse beeste as naaswenner van die goue beker op die Randse-skou aangewys.

Koos en Abri Lock.

Met sulke bulle het die Locklore Santa Gertrudis-stoetery verskeie Suid-Afrikaanse kampioenskappe en goue bekers verower. Van die bulle uit die stoet het 'n groot bydrae gelewer om genetiese vordering moontlik te maak. (Foto: Abri Lock)

Die Locklore-stoetery word ekstensief bedryf. Die resultaat is hoogs aangepaste teeldiere wat streng geselekteer word.

- Locklore Tarzan word in 1991 die eerste Suid-Afrikaans geteelde Santa-bul wat as naaswenner van die goue beker op die Randse-skou aangewys is.
- Locklore Ian was Locklore se vierde Suid-Afrikaanse kampioenbul by die nasionale kampioenskap in 1998. Hy het 'n reuse-impak op die Locklore-kudde gehad.
- Nog verskeie Locklore-diere is as Suid-Afrikaanse kampioene op verskillende skoue in Suid-Afrika gekroon. In 2016 het die Locklore-kudde die meeste punte van al die beesrasse wat op die Vryburg-skou deelgeneem het, ingepalm.

Die indrukwekkende lys van skouprestasies is lank. Die feit dat Caesar 'n kalf was van die eerste verse wat die Locks ingevoer het, wys dat die kudde op 'n stewige fondasie gebou is. Die bul het sy stempel op die Locklore-kudde en verskeie ander kuddes in die land afgedruk. Caesar was die eerste Santa-bul in die land wat Fase C-getoets was en ook die eerste Santa wat 'n goue beker kon wen. Hy was lank, met goeie bespiering, en sy dogters het uitstekende moedereienskappe gehad.

Uitblinkers by uitstek

Dit het egter nie net by skouwenners gebly nie. Van vroeg af is rekords op 'n wetenskaplike manier ingesamel en as riglyn vir seleksie gebruik. In 2013 is Locklore LL11 135 op Vryburg aangewys as die SA Breedplan-kampioenbul waar prestasie en voorkoms punte tel. Van hul bulle is ook aangewys as die Fase C-wenners en 'n hele paar koeie wat Elite-toekennings van die Landbounavorsingsraad (LNR) ontvang het, loop in hulle kudde.

Op hul eerste produksieveiling wat in 1984 gehou is, is 'n Santa-bul vir R30 000 en 'n koei vir R24 000 verkoop – uitstaande pryse vir daardie tyd.

Dit is egter nie net hulle beeste wat op skoue uitgeblink en as teeldiere 'n besondere bydrae tot die bedryf gelewer het nie. Annie, Koos en Abri het by verskillende wêreldkongresse Suid-Afrika se beeld na die res van die beeswêreld uitgedra. Hulle het ook al drie op die genootskap se raad gedien.

Koeie van formaat

Die Santas wat aanvanklik ingevoer is, was hoofsaaklik grootraam-tipe beeste. Deur die jare is streng geselekteer vir aanpasbaarheid en vandag is die tipiese Santa-koei 'n medium- tot grootmediumraam dier.

Koeie word in geneties eenvormige groepe gesorteer en bulle, wat elke drie maande afgewissel word, loop deur die jaar by die koeie. Dit gee die koeie geleentheid om 'n eie natuurlike siklus te ontwikkel wat nie deur vaste dektye ontwrig word nie. Met noukeurige rekordhouding kan die tussenkalfperiode (TKP) van elke koei akkuraat bepaal word. In 2023 was die gemiddelde TKP van die kudde 411 dae. Die gemiddelde speenpersentasie is 85%.

Die Santa-koei is 'n voortreflike moeder. Sy is vrugbaar, het goeie melkeienskappe en kry 'n klein kalfie wat vinnig groei as gevolg van sy/haar genetiese groeivermoë en genoeg melk. Die diere het 'n rustige temperament, maar die koei verdedig haar kalf aggressief. Hulle het 'n besondere vermoë om in swaar tye hul kondisie te behou en aan te hou produseer.

Dis lank nog nie verby nie

Met dié voortreflike eienskappe glo Koos die Santa-koei kan met vrug as moederlyn in Suid-Afrika se kommersiële kuddes gebruik word. Vir meer as 50 jaar het die beesras hom nog nie in die steek gelaat nie en hom in staat gestel om volhoubaar en winsgewend met vleisbeeste te boer.

Koos bring hulde aan die telers wat van die begin af 'n besondere bydrae tot die ras gelewer het en nie meer met ons is nie. Vandag is hy ook trots op die gehalte Santa-telers wat die ras op hul hart dra en verder neem. VP

Vir meer inligting, kontak
Koos Lock by 082 578 9758
of koos@locklore.co.za
of Abri Lock by 082 570 6325
of abrilock@gmail.com.